


# Maria-Tenhemelopneming
# 15 Augustus

Die Kerk herdenk op 15 Augustus die opneming van die Heilige Maagd Maria in die Koninkryk van haar Seun. Aan die einde van haar aardse lewe is sy met liggaam en siel in die hemel opgeneem. So gee Maria ons ‘n uitbeelding van ons eie toekoms, dat ons ook, net soos sy, sal deel in die triomf van haar Seun Jesus, in sy oorwinning oor die dood, die haat en die angs. In 1950 het pous Pius XII hierdie antieke tradisie tot ’n leerstelling van die Kerk verklaar.

*In die Suider-Afrikaanse Katolieke Kerkgebied verskuif die Hoogfees gewoonlik na die Sondag na die Hoogfees om aan soveel moontlik die geleentheid te bied om die Hoogfees te kan meemaak.*